## HOOFSTUK EEN-EN-TWINTIG.

# WOORDPARE.

1. IN UITSPRAAK GELYK : **bond, bont** ; **ly, lei.**
2. IN UITSPRAAK BYNA GELYK : **beul, beuel.**
3. STAM MET VOORVOEGINGS : **ontbind, verbind.**

**Opmerking.**—In die hoofstukke oor woordpare (21, 22, 23) word die woorde voor- en agtervoeg**ing** gebruik in die sin van enige iets wat voor- of agtergevoeg word. Met die voor- en agtervoegings kry ons sowel afleidinge (waar voor- en agtervoeg**sels** gebruik word, b.v. **ont**werp, kinder**lik**), as samestellinge (b.v. aanvraag, onderwerp).

### 1. IN UITSPRAAK ABSOLUUT GELYK.

**berei** : voorberei.
**bery** : op ry.
**bleik** : in son verkleur.
**blyk** : duidelik wees.
(**bleek** : besonder wit gelaatskleur.)
**bond** : verbond.
**bont** : veelkleurig ; nektooi van dames.
**dokter** : geneesheer.
**doktor** : in lettere b.v.
**eed** : plegtige gelofte.
**eet** : ek eet kos.
**eis** : iets eis ; 'n eis instel.
**ys** : bevrore water.
**end** : einde.
**ent** : afstand, booment.
**faam** : roem.
**vaam** : lengtemaat (±6 voet).
**fonds** : weggelegde som geld.
**vonds** : iets wat gevind is.
**fonkel** : oë fonkel (bl. 244).
**vonkel** : vonke afwerp.
**feit** : iets wat seker is.
**fyt** : verswering, ontsteking.
**fier** : trots.
**vier** : telwoord.
**fors** : sterk : fors-gebou.
**vors** : koning.
**graad** : maat ; gehalte.
**graat** : visgraat.
**haal** : gaan haal dit.
**hael** : dit hael.
**hard** : nie sag nie.
**hart** : liggaamsdeel.
**kruid** : plant, gewas.
**kruit** : buskruit.

| | |
|---|---|
| **lei** : om op te skryf ; perd lei. | **ly** : ondergaan. |
| **leiding** : lei-proses. | **lyding** : smart. |
| **lood** : stof nes yster, ens. | **loot** : takkie, spruitjie. |
| **luid** : hardop. | **luit** : snarige instrument. |
| **maar** : dog. | **maer** : nie vet nie. |
| **moed** : dapperheid. | **moet** : verplig wees. |
| **my** : vermy. | **Mei** : vyfde maand. |
| **peil** : standaard ; diepte peil. | **pyl** : om mee te skiet. |
| **raad** : advies ; liggaam wat raad gee. | **raat** : raad by siekte : boererate. |
| **rand** : hoedrand ; grafrand. | **rant** : steil, klipperige heuwel. |
| **rei** : koor. | **ry** : op 'n perd ry. |
| **reier** : soort voël. | **ryer** : hy wat ry. |
| **reik** : uitstrek. | **ryk** : nie arm nie. |
| **reis** : tog ; tog maak. | **rys** : soort kos ; styg. |
| **seine** : tekens. | **syne** : die boek is syne. |
| **skud** : skud die tak. | **skut** : skieter ; kraal. |
| **stad** : van witmense (stede). | **stat** : groep kafferhuise (statte). |
| **steil** : skuins. | **styl** : katelstyl ; skryfstyl. |
| **veil** : opoffering ; iets veil hê. | **vyl** : om mee te vyl. |
| **feil** : fout ; nie slaag nie. | |
| **vermei** : jou vermaak. | **vermy** : ontwyk, sku. |
| **vereis** : nodig wees. | **verys** : ys word, bevries. |
| **vlei** : laagte ; flikflooi. | **vly** : naas mekaar skik. |
| **voed** : kos gee. | **voet** : deel van liggaam |
| **wand** : muur. | **want** : omdat. |
| **weë** : paaie, mv. van weg. | **weeë** : smarte, mv. van wee. |
| **wei** : gras eet. | **wy** : aandag wy. |
| **weier** : nie toestem nie. | **wyer** : nie nouer nie. |

## 2. IN UITSPRAAK BYNA GELYK.

| | |
|---|---|
| **afkeer** : sterke teensin, b.v. 'n afkeer van sonde. | **afkeur** : nie goedkeur nie. |
| **berug** : goed bekend in 'n slegte sin, teenoorgestelde van beroemd. | **berig** : rapport(eer). |
| | **gerug** : berig sonder grond, gewoonlik onwaar. |
| **bestier** : bestee, b.v. geld. | **bestuur** : regeer, beheer. |
| **beul** : skerpregter. | **beuel** : blaasinstrument. |
| **boedel** : besittinge. | **boel** : klomp. |

**boonop** : buitendien. **bo-op** : bo-op die tafel.
**breek** : ww., stukkend maak. **breuk** : soos : vyf-negendes.
**brok** : 'n stukkie, deeltjie. **brak** : derde klas hond.
**braak** : vermeer ; 'n stuk land braak.
**broos** : swak, breekbaar. **bros** : brokkelig, krummelrig.
**bundel** : klomp blaaie (digbundel). **bondel** : klomp hout, ens.
**daarom** : sien bl. 84. **darem** : sien bl. 84.
**drank** : koel (alkoholiese) drank. **dronk** : (1) hoenderkop ; (2) heildronk.
**eindelik** : op langelaas. **eintlik** : werklik.
**frank** : (1) letterlik suur (b.v. peer). (2) Franse munt. **wrang** : bitter (figuurlik) : wrange vrugte van wangedrag.
**fris** : sterk, lewenskragtig. **vars** : nie oud nie (vars eiers).
**gawe** : present van God. **gif** : present.
**getrou** : nie ontrou nie. **getroud** : nie ongetroud nie.
**geur** : reuk. **gier** : gril, luim (bl. 243).
**guur** : koud, onaangenaam ('n gure dag).
**grootheid** : van b.v. Napoleon. **grootte** : omvang van, b.v. 'n kamer.
**grootsheid** : prag, wonderlikheid, verhewenheid.
**intussen** : onderwyl. **tussenin** : tussen twee.
**kan** : (1) in staat wees ; (2) koffiekan. **ken** : (1) weet ; (2) deel van gesig.
**kies** : ww., uitsoek. **keus** : snw.
**koel** : nie warm nie. **koeël** : om mee te skiet.
**kwaad** : sien bl. 66. **kwaai** : sien bl. 66.
**lamlendig** : laks, b.v. lamlendige houding. **lendelam** : onvas op pote, b.v. tafel.
**leeg** : nie vol nie. **ledig** : werkloos, nie besig nie.
**leer** : (1) studeer ; (2) onderwys gee ; (3) skoenleer ; (4) Calvinistiese leer. **leër** : 'n klomp soldate. **lêer** : lêer wyn ; huislêer ; dwarslêer.
**leun** : teen iets leun. **leuen** : onwaarheid.
**louer** : eer (louere wegdra). **lourier** : soort boom.
**lydelik** : bl. 235. **geleidelik** : langsamerhand.
**lydsaam** : bl. 235.
**meisie** : nie jongetjie nie. **muisie** : knaagdiertjie.
**naamlik** : twee seuns, n.l. Jan en Piet. **namens** : in die naam van.

| | |
|---|---|
| **naamloos** : sonder naam. | **nameloos** : baie groot, onbeskryflik, b.v. namelose smart. |
| **oes** : van 'n boer (graanoes). | **oogs** : siele-oogs (Bybelse taal). |
| **offisieel** : amptelik. | **offisieus** : oorgedienstig. |
| **onbeskaaf** : ongeletterd. | **onbeskof** : onopgevoed. |
| **onderhawig** : wat betrokke is (die onderhawige kwessie). | **onderhewig** : b.v. onderhewig aan veranderinge. |
| **orde** : iets is in orde. | **order** : bevel. |
| **profeteer** : voorspel. | **profiteer** : profyt maak uit iets. |
| **radeloos** : sonder raad. | **redeloos** : sonder verstand : redelose diere. |
| **reën** : reent. | **reun** : nie 'n teef nie. |
| **reuk** : snw., geur. | **ruik** : ww., om te ruik. |
| **seën** : Gods guns ; visnet. | **seun** : nie 'n dogter nie. |
| **selde** : byw., nie dikwels nie. | **seldsaam** : bnw., nie alledaags nie. |
| **sinloos** : sonder betekenis (sin). | **sinneloos** : sonder sinne, d.i. gek. |
| **sponde** : ou woord vir bed. | **spondee** : twee lang versvoete. |
| **spraak** : taal, uitspraak. | **spreuk** : bl. 248. |
| **sprokie** : kinderverhaaltjie. | **toespraak** : openbare redevoering. |
| **spring** : werkwoord. | **sprong** : selfst. naamw. |
| **tabel** : kronologiese lys. | **tafel** : huismeubel. |
| **teenwoordig** : aanwesig. | **teenswoordig** : deesdae. |
| **uitset** : groter word. | **uitsit** : met geweld uitgooi. |
| **verband** : konneksie (in verband met). | **verbond** : verdrag, ooreenkoms. |
| **verraad** : troueloosheid. | **voorraad** : goedere. |
| **versmaad** : versmaai. | **versmaat** : vers-maat. |
| **verwant** : familielie van. | **verwend** : bedorwe. |
| **verwaand** : hoogmoedig (slegte sin). | |
| **vlees** : in Bybelse taal. | **vleis** : in alledaagse taal. |
| **waas** : newel, mis. | **vaas** : blompot. |
| **wa-as** : as van wa. | |
| **waagskaal** : in figuurlike taal. | **weegskaal** : in letterlike taal. |
| **waternood** : nood weens gebrek aan water. | **watersnood** : nood weens te veel water (b.v. oorstroming). |

**wie** : vragende vnw. **wee** : o wee !
**wîe** : mv. van wig. **wieë** : mv. van wieg.
**wreek** : ww., wraak neem. **wraak** : snw.
**wrok** : gevoel van onregverdig behandel te wees.

## 3. STAM MET VOORVOEGINGS.

(Grondwoorde in alfabetiese orde.)

-AG : **min-** : iemand (b.v. 'n teenstander) geringer ag as wat hy is.
**ver-** : hoegenaamd nie meer ag nie, verafsku, b.v. 'n verraaier.

-BIED : **aan-** : offereer ; hulp, geld, dienste aanbied.
**ge-** : (1) bevel gee ; (2) landstreek, area.
**ont-** : oproep, vra ; hulp ontbied.
**ver-** : nee sê ; ek verbied jou om te gaan.

-BIND : **ont-** : los maak : parlement ontbind (verdaag).
**ver-** : vas maak : in die huwelik verbind.

-BOD : **aan-** : bod ; 'n aanbod maak, aanneem, verwerp, goedkeur, ens. ; mv. aanbiedinge.
**ge-** : bevel van God ; 'n gebod gehoorsaam, in ag neem, oortree ; mv. gebooie.
**ver-** : wat verbied is : drankverbod ; mv. verbodte (Langenhoven).

-BRUIK : **on-** : iets wat nie gebruik word nie raak in onbruik.
**ver-** : op gebruik, konsumeer.

-DAAD : **mis-** : moedswillige, slegte daad deur misdadiger gepleeg, b.v. moord.
**wan-** : daad wat nie juis belet is nie, maar wat teen ons menslikheid indruis, b.v. vloek, jou vyand onderkruip, ens.

-DIEN : **be-** : dienste bewys : iemand van kop tot toon bedien.
**ver-** : regmatig verkry, b.v. geld.

-DENK : **be-** : bepeins ; snw. bedenking. Ek het my bedink.
**ge-** : dink aan (Bybelse taal) ; gedenkdae.
**her-** : in herinnering bring, b.v. iemand se dood.
**ver-** : agterdog koester teen iemand, b.v. hy word van moord verdenk.

-DRAG : **be-** : som geld : die bedrag is £10.
(bedr**o**g = misleiding ; mv. bedrieërye, ww. bedrieg).
**ge-** : manier van gedra.
**oor-** : oorneem, geld oordra van een bladsy na 'n ander.
**ver-** : verbintenis, ooreenkoms.
**voor-** : resitasie, lesing.
-DRUK : **be-** : vol kommer ; bekommerd.
**her-** : weer druk, b.v. 'n boek.
**onder-** : (1) skeidbare ww. : Ek druk sy kop onder.
(2) onsk. ww., 'n opstand of rebellie stopsit.
**ver-** : onbillik behandel, baie swaar laat kry, b.v. 'n koning verdruk sy onderdane.
-DRUKLIK : **na-** : met klem of nadruk : nadruklik praat.
**uit-** : in duidelike woorde : Ek het hom uitdruklik gesê wat om te doen.
-GAAN : **aan-** : sluit, b.v. 'n verbintenis, kontrak.
**be-** : maak : 'n fout of flater begaan.
**ont-** : vergeet : Dit is my ontgaan.
**ver-** : verlore gaan, b.v. 'n skip.
-GAWE : **op-** : opgegewe besonderhede, b.v. sensusopgawe.
**uit-** : (1) onkoste ; (2) druk, publikasie, van boek, koerant, ens.
-GELOWIG : **by-** : gesê van persone wat 'n besondere waarde heg aan allerlei bygelofies.
**lig-** : gesê van persone wat maklik iets glo.
-HAAL : **be-** : verkry : hy het 60 punte behaal.
**her-** : weer sê, snw. herhaling.
**ont-** : trakteer, ontvang.
**ver-** : vertel(ling).
-HEF : **op-** : lawaai, drukte.
**ver-** : omhoog bring, b.v. hy is tot koning verhef.
-HOOR : **be-** : dit behoor aan my, ek behoor by my eie mense.
**ge-** : skare van luisterendes.
**ver-** : (1) antwoord op : God verhoor die gelowige gebed.
(2) geregtelike verhoor van b.v. moordsaak.
-KEN : **be-** : eerlik uitkom vir 'n fout ; skuld beken.
**er-** : eerlik uitkom vir die waarheid, dikwels net soos **beken.** Ook : die ontvangs van 'n brief erken.
**her-** : weer ken : ek het hom dadelik herken.
**ont-** : nie be- of erken nie.
**ver-** : spioeneer : snw. verkenner.

-LAAT : **agter-** : laat agterbly op 'n plek, b.v. 'n kierie, boek, ens.
**na-** : geld of familie laat agterbly as jy sterwe : Hy laat twee kinders (£1,000) na.
-LEDE : **ge-** : byw., verby, b.v. 'n jaar gelede.
**oor-** : as attrib. bnw., dood : die oorlede man.
**ver-** : as attrib. bnw., afgelope, b.v. verlede jaar.
-LOFTE : **be-** : belofte om iets te doen.
**ge-** : ernstige belofte van godsdienstige aard, b.v. 'n gelofte aan God.
-LOS : **op-** : ontrafel, uitpluis, b.v. probleem, vraagstuk ; snw. oplossing.
**ver-** : bevry ; snw. verlossing.
-MERK : **aan-** : afkeurende opmerking maak.
**op-** : aanstip, raaksien.
-MIDDELD : **be-** : welaf : 'n bemiddelde boer.
**ge-** : Daar was hierdie week gemiddeld vyftien kinders teenwoordig.
-MIGRANT : **e-** : persoon wat uit sy vaderland verhuis om hom in 'n ander land te gaan vestig,
**im-** : waar hy 'n immigrant is.
-NEEM : **be-** : ek het my daarheen beneem (gegaan).
**ont-** : wegneem : Die siekte het al my kragte ontneem.
**ver-** : hoor, te wete kom, navraag doen.
-NOEM : **be-** : aanstel : Is iemand al as boekhouer benoem ?
**ver-** : jou naam aan iemand anders gee.
OORDEEL : uitspraak doen : Wie sal oordeel of hy reg is of nie ?
**be-** : noukeurig ondersoek om waarde vas te stel, b.v. goed op tentoonstelling. Snw. beoordelaar.
**ver-** : ongunstige uitspraak doen ; ter dood veroordeel.
-SAG : **ge-** : autoriteit : Hy kan hieroor met gesag praat.
**ont-** : respek en vrees : Hulle het ontsag vir hom.
-SENDING : **be-** : hoeveelheid weggestuurde goedere.
**ver-** : die wegstuur van iets, veelal goedere.
-SET : **af-** : verkoop ; afsetgebied = mark.
**be-** : beslag lê op : in beset neem.
**om-** : totale verkope oor 'n sekere tydperk : Die winkelier het verlede jaar 'n groot omset gehad.
**ont-** : vrystel : uit die gevangenis ontset.
**ver-** : opponeer : jou teen iets verset.

-SIEN : **be-** : na kyk, noukeurig beskou.
**her-** : weer na kyk, nagaan, oordoen.
**ont-** : respekteer, in ag neem.

-SIGTIG : **om-** : volledig, alles in aanmerking nemende.
**ver-** : met die doel om ongelukke en foute te voorkom.

-SKIL : **ge-** : onenigheid : Daar het hieroor 'n geskil ontstaan.
**ver-** : onderskeid.

-SLAG : **be-** : toeëiening ; iets in beslag neem, beslag lê op iets.
**ge-** : generasie ; van geslag tot geslag.
**ont-** : uit diens plasing, afdanking.
**ver-** : rapport.

-SOEK : **aan-** : applikasie ; aansoek doen, 'n aansoek oorweeg, aanneem, van die hand wys.
**be-** : opsoek, kuier ; besoek bring, aflê.
**onder-** : noukeurig nagaan ; ondersoek instel, doen.
**ver-** : vra, vraag ; 'n versoek rig, weier, toestaan.
Be-, onder- en versoek kom as ww. en snw. voor.

-SOEKING : **be-** : plaag van God, besoek van die Bose.
**ver-** : temptasie : Lei ons nie in die versoeking nie.

-SORG : **be-** : (1) ww., iets op sy bestemde plek bring : Ek sal dit daar besorg.
(2) bnw., bekommerd : besorg oor iets.
**ver-** : ww., sorg bestee aan, b.v. perde versorg.

-SPRAAK : **aan-** : reg van besit : Hy maak aanspraak op sy vader se besittinge.
**toe-** : openbare redevoering ; 'n toespraak hou.
**uit-** : beredeneerde opienie, vonnis.
**voor-** : saakbepleiter : Christus is ons voorspraak by God.

-SPREEK : **aan-** : adresseer.
**be-** : diskusseer : snw. bespreking.
**ver-** : (1) spreekfout begaan : Ek het my lelik verspreek.
(2) pyn, ens., stopsit : 'n wond verspreek.

-STAAN : **aan-** : Sy gesig staan my nie aan nie.
**be-** : wees, het : Die boek bestaan **uit** twee dele.
**in-** : waarborg : Ek kan instaan vir wat hy sê.
**ont-** : begin : Hoe het die brand ontstaan ?
**ver-** : begryp : Ek verstaan jou nie.
**voor-** : ten gunste van iets wees.

-STEL : **aan-** : benoem : Hy is as sekretaris aangestel.
**af-** : vir altyd uitstel : van uitstel kom afstel.
**be-** : order, b.v. goedere ; 'n bestelling plaas.
**her-** : regmaak, repareer, in vorige toestand bring.
**in-** : in die lewe roep ; ondersoek, stappe instel.
**ont-** : besorg wees : Moet jou nie daaroor ontstel nie.
**op-** : (1) ww., uitskryf : 'n dokument opstel.
(2) snw., 'n opstel van 30 reëls.
**uit-** : vir 'n tyd : Die vergadering is tot more uitgestel.
**ver-** : verander, anders stel, b.v. horlosie.

-STEM : **in-** : ooreenkom, van dieselfde opienie wees : Wat dit betref stem ek volkome met jou in ; snw. instemming.
**toe-** : verlof gee, gunstige antwoord op 'n vraag gee : Hy wou nie toestem dat ons gaan nie ; snw. toestemming.

-STOKE : **ont-** : aangesteek : Sy toorn is onstoke.
**ver-** : weggesteek, sonder : Hulle is van alle voorregte verstoke.

-TROU : **be-** : ww., staat maak (godsdienstige gebruik).
**ver-** : ww., soos betrou (algemene gebruik) ; snw. vertroue.
**wan-** : ww., nie vertrou nie ; snw. wantroue.

-VAAR : **aan-** : begin met, b.v. 'n betrekking, werk.
**er-** : ondervind ; snw. ervaring.
**ge-** : pas op, daar is gevaar.

-VAL : **toe-** : eienaardige sameloop van omstandighede : By (per) toeval het ek hom ontmoet.
**voor-** : gebeur(tenis).

-VORDER : **be-** : vooruit help ; 'n saak bevorder.
**in-** : opeis, insamel ; skuld, geld, belastings invorder.

-VRAAG : **aan-** : (1) behoefte, teen. van aanbod : Daar is vir mielies nou geen aanvraag nie.
(2) aansoek : Hy doen aanvraag om verlof.
**na-** : vraag om informasie in te win : navraag doen.

-VREEM : **ont-** : wegneem, steel (deur b.v. diewe).
**ver-** : vreemd maak of word : Hy het heeltemal van sy huis vervreem.

-WERK : **be-** : bearbei, daaraan werk, b.v. 'n stuk land, 'n gemeente.
**ver-** : omwerk, verander, b.v. 'n boek.

-WERP : **ont-** : (1) snw., patroon, wapen : 'n kunstige ontwerp.
(2) ww., vorm, teken : 'n patroon ontwerp.
**ver-** : nie aanneem nie, b.v. 'n wetsontwerp.

-WONDER : **be-** : admireer : Ek bewonder Napoleon.
**ver-** : verbaas wees : Ek verwonder my aan iets, is verwonder oor iets.

## Oefening 21a.

(1) Vul in **D** of **T** :—

'n bon- rok, die Bon- vir Maatskaplike Werk, 'n damesbon-; lê 'n ee- af, ee- kos ; ons en- beeste, die en- van die boek, 'n hele en-, die dokter en- ons ; visgraa-, B.A. graa-, 'n hoë graa- ; my har- is seer, die peer is har- ; krui-gewasse, buskrui- ; loo-gieter, boomloo- ; lui-spreker, met harp en lui- ; jy moe- gaan, mannemoe- ; stadsraa-, boerera-e ; klipran-, grafran- ; hy is 'n goeie sku-, sku- die tak, sku- die beeste ; Kaapsta-, kaffersta- ; voe- die armes, jou voe- ; teen die wan-, ek gaan wan- ek wil.

(2) Vul in **F** of **V** :—

reserwe-onds, kopbeen-onds ; sy oë -onkel, die sterre -onkel ; -ier mense, -ier houding ; hy is -ors gebou, winter--ors ; twee -aam, hy verwerf -aam.

(3) Vul in **Y** of **EI** :—

ber- die perd, ber- jou voor ; iets in die son bl-k, dit bl-k dat ; room-s, onbillike -s ; dat hy f-t het is 'n f-t ; die siek man l- baie, l- die perd ; onder sy l-ding, sy l-ding is baie groot ; in M- moet jy hom m- ; die diepte p-l, p-l en boog, 'n hoë p-l bereik ; r-sange, perdr- ; moenie die r-er skiet nie, Jan is 'n goeie r-er ; 'n r-k man, jou doel ber-k ; ek eet r-s, ek r-s per trein, pryse r-s ; katelst-l, skryfst-l, 'n st-l bult ; iets v-l hê, ek v-l met 'n v-l ; die water het ver-s, dit ver-s baie moed ; hy kan goed vl-, vl- jou neer, in die vl- ; die kerk inw-, skape w-, w- jou aandag hieraan ; hy w-er om dit w-er te maak.

(4) Vul in **AA** of **AE** :—

ek is m-r, m-r sterk ; dit h-l, gaan h-l dit.

## Oefening 21b.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik uitkom :—

wee, weë, weeë, wîe, wieë ; vaas, waas, was, wa-as ; boonop, bo-op ; fris, vars ; kwaad, kwaai ; bros, broos ; getrou, getroud ; leeg, ledig ; boel, boedel ; eindelik, eintlik ; reuk, ruik ; teenwoordig, teenswoordig ; vlees, vleis ; spraak, spreuk, sprokie, toespraak.

## Oefening 21c.

(1) Vul in **eu** of **eue** : 'n wrede b-l, blaas die b-l ; ek l-n teen die muur, jy vertel 'n l-n.

(2) Vul in **ee** of **eu** of **eë** of **ie** :—

$\frac{5}{8}$ is 'n br-k, br-k die hout ; k-s watter een jy wil, dis my k-s ; 'n aangename g-r, 'n vrygewige g-r, somar 'n g-r ; jy moet goedkeur of afk-r, ek het 'n afk-r van sonde ; die Duitse l-r, l-r jou les, hy tokkel die l-r, die Calvinistiese l-r, hy stel my tel-r, skoenl-r ; ek s-n die s-n, die s-n kom van bo ; dis nie 'n r-n nie maar 'n teef, dit r-n, dit r-nt.

## Oefening 21d.

Toon aan wat die onderskeid is tussen :—

bestier, bestuur ; bundel, bondel ; drank, dronk ; frank, wrang ; gier, guur ; grootheid, grootsheid ; grootte, grote ; intussen, tussenin ; lourier, louer ; naamlik, namens ; lamlendig, lendelam ; naamloos, nameloos ; onderhewig, onderhawig ; sinloos, sinneloos ; sponde, spondee.

## Oefening 21e.

Soos vorige oefening :—

versmaad, versmaat ; waternood, watersnood ; profeteer, profiteer ; offisieel, offisieus ; uitset, uitsit ; verband, verbond ; verraad, voorraad ; verwant, verwend, verwaand ; wreek, wrak, wrok, wraak ; spring, sprong ; orde, order.

## Oefening 21f.

Vorm met behulp van **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-**, **ver-** afgeleide woorde van die volgende, en gebruik dié woorde dan in sinne sodat die onderskeid duidelik uitkom :—

**bied** (drie) ; **bind** (twee) ; **bod** (2) ; **dien** (2) ; **denk** (4) ; **druk** (3) ; **gaan** (3) ; **haal** (4) ; **hoor** (3) ; **ken** (6) ; **neem** (4) ; **noem** (3) ; **sien** (4) ; **slag** (4) ; **spreek** (3) ; **staan** (4) ; **stel** (5) ; **trou** (4) ; **werp** (2).

## Oefening 21g.

Wat is die onderskeid tussen :—

bygelowig en liggelowig ; minag en verag ; misdaad en wandaad ; nadruklik en uitdruklik ; belofte en gelofte ; aanmerking en opmerking ; emigrant en immigrant ; beoordeel en veroordeel ; omsigtig en versigtig ; geskil en verskil ; besoek en besoeking ; versoek en versoeking ; aanspraak en toespraak ; afstel en uitstel ; instem en toestem ; ontstoke en verstoke ; aanvraag en navraag ; toeval en voorval ; bewonder en verwonder ; bewerk en verwerk ?

## Oefening 21h.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid duidelik blyk :—

opgawe, uitgawe ; onbruik, verbruik, gebruik ; bedrag, bedrog, gedrag ; oordrag, verdrag, voordrag ; ophef, verhef ; bemiddeld, gemiddeld ; agterlaat, nalaat ; gesag, ontsag ; afset, afsit ; omset, omsit ; beset, ontset, verset ; bewonder, verwonder ; ontvreem, vervreem.

## Oefening 21i.

Gee die teenoorgestelde van :—

ek **vertrou** hom want hy is **getrou** ; die **aanvraag** het **toegeneem** ; ek **neem** die voorstel **aan** ; ek **bewonder** die **held** ; die verandering kom **geleidelik** ; **lydelike** verset ; Jan is vandag **teenwoordig** ; **teenswoordig** ; ek **beveel** jou om te gaan ; die **uitgawes** het **vermeerder** ; ek **beken** my skuld ; twee jaar **gelede** ; **verlede** jaar ; die **ontstaan** van die brand ; ek **stem in** ; ek **stem toe.**

## HOOFSTUK TWEE-EN-TWINTIG.

### **WOORDPARE** (vervolg).

4. STAM MET AGTERVOEGINGS : **buigbaar, buigsaam.**
5. STAM MET VOOR- EN AGTERVOEGINGS : **bevrees, vreesagtig.**

**Opm.**—Oor die gebruik van die woorde voor- en agtervoeging sien opmerking aan die begin van die vorige hoofstuk (21).

### 4. STAM MET AGTERVOEGINGS.

**Bang** : met vrees vervul ; 'n bang soldaat.
**bangerig** : 'n bietjie bang, effens bang.

**begeerlik** : begerenswaardig, iets wat begeerte wek.
**begerig** : begerend, van persone gesê wat sterk begeer.

**begin** : aanvang : In die begin. Dit begin reent.
**beginsel** : prinsiep : man van beginsel.

**besit** (1) ww., as eiendom hê ; snw. besitting.
(2) snw. : in jou besit hê = by jou, onder jou bestuur.
**besitting** : iets in my besit is my besitting.

**buigbaar** : wat kan gebuig word, b.v. yster.
**buigsaam** : wat baie maklik buig, b.v. 'n wilgertak.

**denkbaar** : moontlik om 'n gedagte oor te vorm, b.v. So 'n toestand is nie denkbaar nie (ondenkbaar).
**denklik** : vermoedelik, b.v. Hy sal denklik more kom.

**deugdelik** : eg, waar, regmatig : Dit is deugdelik bewys.
**deugsaam** : vol deug : 'n deugsame meisie.

**dood** : lewensloos ; verboë vorm **dooie.**
**doods** : eensaam, asof die dood daar heers, b.v. 'n doodse stilte.
**dooierig** : sonder lewendigheid : 'n dooierige kêrel.

**draagbaar** : wat ek kan aantrek of vervoer, soos skoene, 'n piano, ens.
**draaglik** : wat ek kan uitstaan, soos hitte, swaar, ens.
**eerbaar** : seksueel onberispelik, kuis : 'n eerbare vrou.
**eerlik** : sonder bedrog : wees altyd eerlik.
**eersaam** : deugsaam, beskeie : 'n eersame burger.
**eervol** : met eer : 'n eervolle ontslag, loopbaan.
**ellendeling** : skurk.
**ellendige** : ongelukkige.
**gebrekkig** : nie genoeg nie : gebrekkige kennis.
**gebreklik** : wanskape : 'n gebreklike seun.
**geestelik** : nie liggaamlik nie, spiritueel.
**geestig** : grappig, humoristies.
**geheim** (bnw.) : wat in die geheim geskied, nie so dat almal dit weet nie : 'n geheime samekoms, sameswering.
**geheimsinnig** : misterieus, onverklaarbaar, b.v. 'n moord.
**geldig** : wat geld, wat van krag is, b.v. 'n stembriefie.
**geldelik** : wat op geld betrekking het, finansieel.
**gelykenis** : leersame fabel of parabel, soos dié van Christus.
**gelykheid** : van dieselfde waarde : vryheid, gelykheid, broederskap.
**gemeenskap** : omgang, ooreenkoms : gemeenskap hou met iemand ; trou in gemeenskap van goedere.
**gemeente** : kerkgenootskap.
**gemeen** (1) laag : 'n gemene vent.
(2) eie aan almal : ons het niks met mekaar gemeen nie.
**gemeensaam** : minsaam, nie trots nie : gemeensame omgang.
**gevoelig** : lig vatbaar vir gevoel : jou oog is gevoelig ; op dié punt is hy baie gevoelig.
**gevoelvol** : met baie gevoel : 'n gevoelvolle uitbeelding.
**hoogheid** : figuurlik hoog in rang of posiesie : Sy Koninklike Hoogheid.
**hoogte** : letterlik hoog : wat is die hoogte van die muur ?
**houtagtig** : soos hout : 'n houtagtige smaak.
**houterig** : onhandig, nie op sy gemak nie : 'n houterige mannetjie.
**kenbaar** : wat ons kan ken of weet : kenbaar maak.
**kenlik** : blykbaar : Dis kenlik sonder opset gedoen. Ook : 'n kenlike teken.

**kinderagtig** : soos 'n kind, met 'n slegte betekenis : Moenie so kinderagtig wees nie.
**kinderlik** : soos 'n kind, met 'n goeie betekenis : kinderlike vertroue, eenvoud.
**kinds** : soos 'n kind weens hoë ouderdom : die ou man is al kinds.

**kosbaar** : duur, wat baie geld kos, soos 'n ring, 'n rok.
**kostelik** : wat baie werd is, sonder bygedagte aan die prys : kostelike tyd, humor.
**kosteloos** : verniet, sonder koste.

**koud** : nie warm nie : 'n koue dag.
**kouerig** : effens koud.
**koulik** : baie vatbaar vir koue : 'n koulike vrou.

**kunstig** : met kuns gemaak, soos 'n nessie.
**kunsmatig** : nie natuurlik nie, artifisieel.

**laagte** : teenoorgestelde van hoogte.
**laagheid** : gemeenheid.

**leergierig** : wat graag wil leer : 'n leergierige seun.
**leersaam** : waaruit jy iets kan leer : 'n leersame voorlesing.

**lieflik** : mooi, skoon, wat ons liefde steel : 'n lieflike uitsig, karakter.
**liefderyk** : met veel liefde : 'n liefderyke omhelsing.

**lydelik** : passief, sonder teësin : lydelike verset.
**lydsaam** : kan baie ly : lydsaam in verdrukking.

**meesteragtig** : dominerend, nes 'n heer en koning : 'n meesteragtige houding.
**meesterlik** : onberispelik goed : 'n meesterlike beskrywing.

**openbaar** : (1) ww., aan die dag bring, soos 'n geheim.
(2) bnw., vir almal toeganklik : 'n openbare biblioteek, vergadering, telefoon, ens.
(3) snw., in die openbaar.
**openlik** : nie bedektelik nie.

**opmerklik** : werd om opgemerk te word : 'n opmerklike vermeerdering.
**opmerksaam** : wat moeite doen om op te merk : 'n opmerksame knapie.

**ouderdom** : 'n persoon se jare : sy ouderdom is 16.
**oudheid** : antikwiteit, vorige eeue : helde van die Griekse oudheid.

**rekbaar** : wat ons kan rek, soos elastiek ; word letterlik gebruik.
**reklik** : inskiklik, soos 'n karakter ; word figuurlik gebruik.
**rekening** : opgawe van winkelier ; rekening hou met 'n feit ; buite rekening laat.
**rekenskap** : verantwoording.
**sedelik** : moreel ; sedelike gedrag.
**sedig** : beskei, onindringerig.
**siek** : nie gesond nie.
**siekerig** : effentjies siek, ongesteld.
**sieklik** : altyd siek, met 'n kwaal.
**tydelik** : net vir 'n tyd, nie permanent nie.
**tydens** : in die tyd van, gedurende.
**tydig** : in tyd, vroeg, betyds : 'n tydige waarskuwing.
**tydsaam** : langsaam, nie haastig nie : 'n tydsame kêrel.
**vergeetagtig** : wat gou vergeet : 'n vergeetagtige persoon.
**vergeetlik** : wat gou vergeet sal word, teen. van onvergeetlik.
**verkiesbaar** : van 'n persoon gesê wat verkies kan word.
**verkiesing** : eleksie : 'n algemene verkiesing.
**verkieslik** : van iets gesê waaraan ek die voorkeur gee bo iets anders.
**verstaanbaar** : wat ek kan verstaan.
**verstandig** : wat toon dat verstand gebruik is : 'n verstandige handelwyse, kêrel.
**verstandelik** : wat betrekking het op jou verstand : verstandelike ontwikkeling.
**vyandelik** : behorende tot die vyand : die vyandelike leër.
**vyandig** : met 'n vyand se gesindheid : 'n vyandige houding, daad.
**wêrelds** : nie godsdienstig nie, soos mense, vermake.
**wêreldlik** : nie kerklik nie : die Pous se wêreldlike mag.
**wetlik** : in verband met die wet : wetlike dokumente.
**wetties** : streng volgens die letter van die wet, soos die Fariseërs.
**wettig** : volgens die wet : wettig getroud.
**wonderlik** : algemene gebruik.
**wonderbaar(lik)** : godsdienstige gebruik, buitengewoon wonderlik : God se werke is wonderbaar ; 'n wonderbaarlike verlossing.
(Bewonderenswaardig : wat ons admirasie verdien of afdwing).

## 5. STAM met VOOR- en AGTERVOEGINGS.

**afwisselend** : wat afwissel, nou baie dan min : afwisselende geluk.
**wisselvallig** : onseker, onstandvastig, soos reën, karakter.

**alledaags** : gewoon, nie seldsaam nie : 'n alledaagse verskynsel.
**daagliks** : elke dag, dag na dag : 'n daaglikse koerant.

**bevrees** : bang : Ek is bevrees dat hy siek is.
**vreesagtig** : met 'n geaardheid vol vrees : 'n vreesagtige kind.
**vreeslik** : wat vrees verwek, baie groot : 'n vreeslike ontdekking, hitte.

**bevriend** : vriend van : ek is met hom bevriend.
**vriendelik** : met 'n vriend se gesindhēid, nie vyandig nie.

**bewusteloos** : heeltemal sonder bewussyn : hy het hom bewusteloos geval.
**onbewus** : van een feit nie bewus nie : hy was onbewus van my siekte.

**bruikbaar** : wat kan gebruik word : 'n bruikbare man, artiekel.
**gebruiklik** : volgens gebruik of gewoonte : dis gebruiklik om te was voor jy eet.

**deel** : stuk, nie die geheel nie, gedeelte.
**aandeel** : betrokke in : hy het geen aandeel in die saak nie. Ook : aandele in 'n maatskappy.

**dienswillig** : in sakebriewe : Dienswillig die uwe, U dienswillige dienaar.
**dienstig** : geskik vir 'n sekere doel : dis nie hiervoor dienstig nie.
**gedienstig** : altyd gewillig om te dien : 'n gedienstige vriend.
**diensbaar** : in 'n dienende posiesie, soos Israel in Egipte.

**duursaam** : wat lank hou sonder om stukkend te raak, soos 'n kledingstuk.
**gedurig** : altyd, sonder ophōu.
**langdurig** (-end) : wat lank aanhou, soos 'n droogte.

**gevolglik** : voegw., dus : Ek is siek, gevolglik bly ek tuis.
**volgens** : voors. : Volgens hom is jy verkeerd.
**ten gevolge van** : as gevolg van.
**vervolgens** : byw., daarna.

**gereeld** : met gelyke tussenposes in 'n sekere orde : ek bad gereeld elke more ; 'n gereelde besoeker.
**reëlmatig** : volgens reël, soos gewoonlik, normaal : reëlmatige ww., asemhaling.

**onbeskaam** : in 'n sekere geval sonder skaamte : 'n onbeskaamde leuen, handelwyse.
**skaamteloos** : altyd sonder skaamte, verdorwe : 'n skaamtelose skurk, bedrieër.

**onbesorg** : vry van sorge, onbekommerd : 'n onbesorgde oudag.
**sorgeloos** : sonder om hom te bekommer oor verantwoordelikhede : 'n sorgelose klerk.

**onmeetbaar** : so klein (of groot) dat ek dit nie kan meet nie, soos 'n vlieg se oog.
**onmeetlik** : baie groot, sonder bygedagte aan letterlik meet : die onmeetlike vlaktes, oseaan.

**onnoembaar** : wat nie genoem of uitgespreek kan word nie, soos 'n naam, slegte daad.
**onnoemlik** : baie groot : onnoemlike getalle.

**onrustig** : tydelik sonder rus, liggaamlik of geestelik : Hy loop onrustig heen en weer.
**ongerus** : bevrees dat iets slegs sal gebeur : Ek is ongerus oor hy so lank wegbly.
**rusteloos** : altyd sonder rus of ophou : die rustelose klok, menigte.

**ontroosbaar** : nie vatbaar vir troos nie, soos 'n treurende·
**troosteloos** : sonder iets wat troos bring : die troostelose Sahara.

**ontrou** : in 'n sekere geval nie getrou nie : 'n ontrou vriend.
**troueloos** : altyd sonder getrouheid : 'n trouelose verraaier.

**onvrugbaar** : letterlik sonder vrug of lewe, soos grond, 'n boom.
**vrugteloos** : figuurlik sonder resultaat : 'n vrugtelose poging.

**onwettig** : teen die wet : onwettige smokkelhandel.
**wetteloos** : losbandig, sonder wet : 'n wettelose misdadiger.

**merkbaar** : wat kan gemerk word : 'n merkbare verandering.
**merkwaardig** : wonderlik, buitengewoon merkbaar.

## Oefening 22a.

Vorm met behulp van die agtervoegsels **-baar, -saam, -lik, -ig** (-rig, -erig) afgeleide woorde van die o.s. woorde, en gebruik die afgeleide woorde dan in sinne om die verskil in betekenis duidelik te laat uitkom :—

**begeer** (2) ; **buig** (2) ; **dink** (2) ; **deug** (2) ; **dra** (2) ; **eer**(3) ; **gebrek** (2) ; **gees** (2) ; **geld** (2) ; **ken** (2) ; **kos** (2) ; **koue** (2)

## Oefening 22b.

Soos vorige oefening :—

**ly** (2) ; **open** (2) ; **opmerk** (2) ; **rek** (2) ; **sede** (2) ; **siek** (2) ; **tyd** (2) ; **verkies** (2) ; **vyand** (2) ; **wonder** (2).

## Oefening 22c.

Gebruik in sinne sodat die verskil duidelik blyk :—

ellendeling, ellendige ; gelykenis, gelykheid, gelykte ; gemeenskap, gemeente ; gevoelig, gevoelvol ; hoogte, hoogheid ; laagte, laagheid ; leergierig, leersaam ; lieflik, liefderyk ; openbaar, openlik ; ouderdom, oudheid ; rekening, rekenskap; tydens, tydig.

## Oefening 22d.

Wat is die verskil tussen :—

bang en bangerig ; siek en siekerig ; koud en kouerig ; dood en dooierig ; begin en beginsel ; besit en besitting ; geheim en geheimsinnig ; gemeen en gemeensaam ; houterig en houtagtig ; kinds, kinderagtig en kinderlik ; kunstig en kunsmatig ; meesteragtig en meesterlik ?

## Oefening 22e.

Vul in 'n snw. wat pas (b.v. 'n aangename **vakansie)** :—

jou sedelike — ; 'n sedige — ; 'n vergeetagtige — ; 'n onvergeetlike — ; 'n verstaanbare — ; 'n baie verstandige —; jou verstandelike —; 'n vreesagtige —; 'n vreeslike — ; 'n bruikbare — ; met die gebruiklike — ; 'n duursame — ; 'n langdurende — ; 'n buigbare — ; 'n buigsame — ; geldige — ; geldelike — ; 'n gevoelige — ; 'n gevoelvolle — ; 'n houtagtige — ; 'n houterige —.

## Oefening 22f.

Toon aan, deur hulle in flink volsinne te gebruik, wat die verskil is tussen :—

wettig, wetlik, wetties ; afwisselend, wisselvallig ; daagliks, alledaags ; bewusteloos, onbewus ; deel, aandeel ; dienstig, gedienstig ; diensbaar, dienswillig ; volgens, vervolgens ; gevolglik, ten gevolge van ; gereeld, reëlmatig ; onbeskaamd, skaamteloos ; onbesorg, sorgeloos ; ontroosbaar, troosteloos ; ontrou, troueloos.

## Oefening 22g.

Gee die teenoorgestelde van :—

die **wêreldlike** mag van die Pous ; 'n **geestige** spreker ; jou **geestelike** welsyn ; 'n **alledaagse** gebeurtenis ; 'n **dooierige** seun ; 'n **dooie** seun ; 'n **kosbare** rok ; 'n **leergierige** seun ; 'n **meesterlike** styl ; jou skuld **openbaar** ; 'n **openbare** telefoon; in die **openbaar** ; hy doen dit **openlik** ; **sedelike** gedrag ; **sedelike** welvaart ; 'n **tydelike** betrekking ; die **tydige** tussenkoms ; hy is **eerlik** ; hy is **eergierig** ; hy is 'n **erelid.**

## Oefening 22h.

Voltooi o.s. sinne deur 'n verklaring te gee van die vet-gedrukte bnw. (b.v. iets wat **begeerlik** is, is werd om begeer te word) :—

1. Iets wat **onmeetbaar** is, is . . .
2. Iets wat **onmeetlik** is, is . . .
3. Iets is **onnoembaar** is, is . . .
4. Iets wat **onnoemlik** is, is . . .
5. Iemand wat **onrustig** is, is . . .
6. Iemand wat **ongerus** is, is . . .
7. Iemand wat **rusteloos** is, is . . .
8. Iets wat **onvrugbaar** is, is . . .
9. Iets wat **vrugteloos** is, is . . .
10. Iets wat **merkbaar** is, is . . .
11. Iets wat **merkwaardig** is, is . . .
12. Iets wat **opmerklik** is, is . . .

## HOOFSTUK DRIE-EN-TWINTIG.

### **WOORDPARE** (vervolg).

### 6. SINVERWANTE WOORDE (sinonieme).

**Aalmoes** : gif aan behoeftiges, armes.
**gawe** : gif van God aan mens of omgekeerd.
**geskenk** : present van mens aan mens.

**aanbod** : voorstel om iets te doen of sekere som geld vir iets te betaal.
**bod** : geldelike aanbod.
**offer** : geskenk aan God, iets wat ons swaar afstaan : 'n offer aan die dood.

**aanhangsel** : iets toegevoeg tot 'n boek, gewoonlik agterin ; dis deel van die boek.
**bylae** : iets aanheg aan 'n brief, soos 'n tjek.
**byvoegsel** : iets wat los in 'n koerant of tydskrif is, soos ,,Die Kleinspan'' in ,,Die Huisgenoot.''

**aanspreeklik** : vir skulde of aangerigte skade.
**verantwoordelik** : vir dade, vir sekere dinge : 'n verantwoordelike betrekking.

**afgesonderd** : alleen, sonder gemeenskap met ander : Hy lewe afgesonderd.
**afsonderlik** : apart, nie bymekaar nie : Sit die twee hane in afsonderlike hokke.

**ambag** : bepaalde soort handwerk waarvoor jy spesiaal opgelei word, soos dié van timmerman.
**amp** : werk in diens van staat of kerk waartoe iemand aangestel is, soos 'n predikant.
**bedryf** : produktiewe werk : boerebedryf, vissersbedryf.
**beroep** : 'n algemene woord ; lewenswerk, professie.
**roeping** : werk waarvoor God my geroep het.

**arm** : nie ryk nie, bejammerenswaardig.
**armoedig** : gesê van omstandighede of klere : 'n armoedige ou huisie, armoedig gekleed.
**behoeftig** : sonder die noodsaaklike lewensmiddele, soos kos en klere, dus hulpbehoewend.
**noodlydend** : ergste graad van armoede.

**awontuur** : besondere voorval, gewoonlik onder spanning.
**gebeurtenis** : enige iets wat gebeur.

**babbel** : gepraat van kinders, kinderagtige gepraat van grootmense.
**praat** : gewone woord : idees wissel ; klanke voortbring.
**gesels** : aangenaam en vriendskaplik met mekaar praat : ons sit en gesels.
**spreek** : 'n deftige woord, in hoogdrawende styl.

**bediende** : gewoon iemand wat jou bedien b.v. huisbediende.
**dienaar** : in sakebriewe en om bereidwilligheid tot diens aan te dui.
**dienskneg** : in godsdienstige sin : dienskneg des Heren.

**bedwelmd** : byna bewusteloos.
**bewusteloos** : heeltemal sonder bewussyn.

**belangrik** : vernaam, met vername gevolge.
**belangwekkend** : wat ons belangstelling gaande maak. Alles wat belangwekkend is, is nie altyd belangrik nie.

**belangstellend** : geïnteresseerd : hy luister belangstellend.
**belanghebbend** : in die saak betrokke.

**beloning** : iets ekstra (gewoonlik geld) vir goeie dienste of gedrag.
**betaling** : geld wat skuldig is.
**besoldiging** : salaris, vergoeding vir dienste.
**loon** : loon word daagliks of weekliks betaal (dagloners), salarisse maandeliks.

**bepaal** : duidelik aanwys, vasstel : 'n dag bepaal, jou by jou werk bepaal.
**beperk** : klein, binne sekere perke : 'n beperkte ruimte, vermoë, getal.

**bloot** : ongedek, suiwer : jou blote hand, die blote waarheid.
**naak** : kaal, sonder klere, vgl. poedelnaak.

**bui** : so 'n veranderlike gemoedstoestand dat 'n mens onseker is wat om te verwag : in 'n goeie bui, slegte bui.
**luim** : stemming, gemoedstoestand : Hy is in 'n humoristiese luim.
**nuk** : 'n verkeerde, dwars idee of handelwyse : Hy is te vol nukke, perd vol nukke.
**gril** : onverklaarbare ingewing, skynbaar sonder oorsaak : Ek het somar 'n gril gekry om te gaan.

**bysiende** : daar is letterlik 'n gebrek aan die oë, sodat jy nie ver dinge kan sien nie.
**kortsigtig** (altyd figuurlik) : gebrek aan deursig : 'n kortsigtige daad, handelwyse.

**doelmatig** : geskik om daarmee jou doel te bereik : doelmatige instelling, instrumente.
**doeltreffend** : wat die doel bereik het : doeltreffende maatreëls.

**dom** : verstandelik minder goed bedeeld ; nie slim nie.
**onkundig** : sonder kennis, weet nie beter nie : So 'n onkundige soos jy moet swyg.
**onwetend** : sonder kennis van bepaalde sake : Hy wat onwetend sondig, sondig nie.
**onnosel** : onvatbaar om idees op te neem, met geen slegte bybetekenis nie : So 'n arme, onnosele vent.
**onverstandig** : wat goeie verstand sleg gebruik : 'n onverstandige handelwyse.

**doodgaan** : algemene term vir mense, diere, plante wat ophou om te lewe.
**sterf** (sterwe) : net van mense gesê wat op hulle bed sterwe.
**sneuwel** : op die slagveld sterwe, soos 'n soldaat.
**omkom** : mense wat sterwe as gevolg van b.v. honger, 'n brand, 'n ongeluk.
**ontslaap** : sagte, eerbiedige term ; so ook : **verhuis, oorly.**
**vrek** : net van diere gesê wat doodgaan.

**eentonig** : sonder afwisseling, altyd dieselfde, soos 'n geluid, stem.
**vervelend** (vervelig) : wat jou verveel, nie interesseer nie, soos 'n oninteressante boek.

**eerbiedig** : met eerbied.
**eerwaardig** : werd om eer te ontvang : 'n eerwaardige predikant.
**eerbiedwaardig** : werd om met eerbied behandel te word, soos 'n tradiesie.
**eerbiedwekkend** : wat 'n gevoel van eerbied laat ontstaan, soos 'n plegtige diens, 'n preek.

**eiendom** : wat wetlik my besitting is : Wat ek gekoop het is my eiendom.
**vermoë** : al my eiendom saam : Hy het 'n groot vermoë. Ook : geestelike vermoëns.

**fonkel** (figuurlik gebruik) : net asof dit vonke afwerp : sy oë fonkel van vreugde.
**vonkel** (letterlik) : vonke afwerp : die vuurtjie vonkel.
**skitter** : gedurig 'n sterk lig uitstraal : die sterretjies skitter op 'n baie donker aand. Dikwels figuurlik : 'n skitterende sukses.
**glinster** : 'n ligglans uitstraal, veral as die son op iets skyn.

**geleerdheid** : baie boekkennis, met bygedagte aan hoë tietels en grade.
**kennis** : enigiets wat ek verstandelik besit, of dit uit boeke kom (geleerdheid) of deur ondervinding.
**kundigheid** : vaardigheid, ervaring.

**gepas** : geskik vir die geleentheid : Hy het in gepaste woorde geantwoord.
**passend** : wat by sy omgewing pas : Vir hierdie kamer sal dit 'n passende versiering wees.

**gesig** : (1) sien-vermoë : 'n swak gesig vereis 'n bril.
(2) toneel : dis 'n wonderlike gesig.
(3) voorste deel van kop (algemene woord) : was jou gesig.
**gelaat** : gesig (3), met bygedagte aan die gevoel wat daarin uitkom : 'n mens kon grote erns op sy gelaat lees ; gelaatstrekke.
**aangesig** : gesig (3), in verhewe taal : voor Gods aangesig (teenwoordigheid), van aangesig tot aangesig.

**gierig** : baie suinig om te gee, selfs vir 'n goeie doel.
**suinig** : gee net uit wat absoluut nodig is.
**vrekkig** : nog sterker as gierig ; vir 'n vrek is geld besit hoof- en einddoel.
**spaarsaam** : nie verkwistend nie, probeer iets opspaar.

**goue** (letterlik) : van goud gemaak, soos 'n horlosie.
**gulde** (figuurlik) : pragtige, goeie : 'n gulde kans, geleentheid.
**vergulde** : nie heeltemal van goud nie, net met goud oorgeblaas ; na goud lykende. Daar is dus 'n groot onderskeid tussen 'n goue borsspeld en 'n vergulde borsspeld.

**groei** : op natuurlike wyse groot word, opwas : gras groei, 'n kind groei.
**kweek** : plante, ens., laat groei, b.v. in 'n kwekery blomme kweek. (Wolgroeiers, tabakgroeiers is Anglisismes ; dit behoort te wees wolkwekers, ens.).
**teel** : diere teel, vgl. veeteelt.

**hardnekkig** : styfhoofdig : hy weier hardnekkig.
**hardvogtig** : ongevoelig, wreed : 'n hardvogtige tiran.

**hindernis** : enigiets wat hinder of stoor, soos 'n geraas.
**hinderpaal** : iets bepaalds wat hinder, jou vooruitgang belemmer, soos 'n siekte.

**hoogmoedig** : verwaand, 'n te hoë dunk van jouself (gewoonlik in slegte sin) : Die meisie is vreeslik hoogmoedig en styf.
**trots** : met 'n hoë dunk (gewoonlik in goeie sin) : Die vader is geweldig trots op sy seuns.
**fier** : trots, gewoonlik van houding : die pou se fiere houding.
**hooghartig** : fier en ongenaakbaar : 'n hooghartige terughoudendheid.

**hulpeloos** : kan homself nie help nie, soos 'n babetjie.
**onbeholpe** : minder goed, met min kuns : 'n onbeholpe styl, uitdrukkingsvermoë.

**in** : belastings in, d.w.s. invorder.
**invorder** : in, langs wetlike weg : skulde invorder.
**insamel** : vrywillige bydraes vir b.v. 'n hospitaal word ingesamel ; ook : rykdom, skatte insamel.
**inwin** : besonderhede verkry ; inligting inwin oor 'n saak.

**Indies** : van Indië : die Indiese regering.
**Indiaans** : betrekking hebbende op Indiane.

**innerlik** : nie uiterlik nie, in die wese van die saak geleë : 'n innerlike stryd (in siel).
**inwendig** : binnekant : 'n inwendige kwaal.
**innig** : opreg, eg : innige vriendskap.

**jeugdig**: eie aan die jeug, of aan 'n ou man wat nie oud voel of lyk nie: met jeugdige onervarenheid; 'n jeugdige grysaard; op jeugdige leeftyd.
**jonk**: wat nog nie lank bestaan het nie; nie oud nie.

**kies**: ek kies één uit baie; snw. keuse.
**verkies**: ek verkies een bo ander, melk bo water; snw. verkiesing (eleksie).
**uitkies**: na lang oorweging die allerbeste uitsoek; snw. uitkiesing. Uitverkiesing (predestinasie); uitverkorenes.

**klassiek** (bnw.): hoë kuns bevattende: klassieke musiek („klassikale" musiek is 'n Anglisisme).
**klassikaal**: nie hoofdelik nie, in klasse: klassikale onderwys.

**kranksinnig**: met krank (siek) sinne; in harsings gekrenk; mal.
**waansinnig** (gewoonlik figuurlik): soos 'n kranksinnige.
**gek** (figuurlik): hoogs onverstandig.
**swaksinnig**: met beperkte verstand, maar nie mal nie: 'n swaksinnige kind.
**stompsinnig**: wat baie moeilik iets begryp.

**leergierig** (goeie betekenis): gierig om kennis op te doen.
**nuuskierig**: gierig om die jongste nuus te weet, dikwels in slegte sin.
**weetgierig**: gierig om alles en nog wat te weet; leergierig.

**noem**: 'n naam gee: wat noem jy dié blom?
**roep**: skree vir: roep die Kaffer.

**nodig**: wat daar moet wees, waarvoor daar 'n behoefte is: Ek het dit nodig.
**noodsaaklik**: essensieel; absoluut nodig; kan nie daarsonder nie: Om te lewe is vars lug noodsaaklik.
**noodwendig**: juis, as natuurlike gevolg: Hieruit volg nie noodwendig dat hy skuldig is nie.

**omslagtig**: met allerlei onnodige (en dikwels vervelende) bysake iets verrig: 'n omslagtige manier van doen.
**omstandig**: met alle moontlike besonderhede vertel of skryf: 'n omstandige verhaal.

**onbekende** (snw.): enige iemand wat ek nie ken nie, miskien van eie land of dorp.
**vreemdeling**: iemand van elders, nie van eie dorp of land nie.

**ontdek** : letterlik : die deksel wegneem ; ons sien iets, wat altyd daar was, vir die eerste maal, soos 'n nuwe kontinent.
**uitvind** : iets daarstel wat vroeër nie daar was nie : Buskruit is uitgevind, Amerika ontdek.

**oorbodig** : nie nodig nie, soos 'n warmjas in die somer.
**oortollig** : dui aan hoeveelheid wat oorbodig is : die oortollige energie, water.
**oortallig** : meer as die vereiste getal : Daar is vyf oor die getal (hulle is oortallig).
**oorvloedig** : in ruime mate voorhande, veral vloeistof : oorvloedige reëns.
**oordadig** : verkwistend : moenie so oordadig wees nie.

**oorsaak** : feit waaruit 'n ander feit **(gevolg)** voortvloei : oorsake van die Groot Trek.
**rede** : feit wat ons beweeg om iets te doen teneinde 'n sekere **doel** te bereik : rede van jou handelwyse, afwesigheid.
Oorsaak teenoor gevolg ; rede teenoor doel.

**oorskry** : verder gaan as bepaalde grense : jou magte, voorregte oorskry.
**oortree** : teen 'n wetsbepaling handel : daardeur sal jy die wet oortree.
**oortref** : 'n baie hoë graad behaal : dit oortref ons mees optimistiese verwagtinge.

**oponthoud** : wanneer omstandighede jou, dikwels teen jou sin, dwing om te wag : By B. was daar 'n oponthoud van 'n halfuur omdat ons een buiteband gebars het.
**versuim** : (1) oorbly : Ons het by B. 'n bietjie versuim om te eet.
(2) nie doen nie wat jy behoort te doen, vgl. pligsversuim.

**ouderwets** : (1) volgens ou gebruike en wette : ouderwetse meubels.
(2) oulik : 'n ouderwetse kind.
**oumodies** : volgens 'n ou mode : 'n oumodiese rok.
**outyds** : tot 'n vroeër tyd behorende : outydse gewoontes.

**ridder** : 'n man galant soos die outydse ridders.
**ruiter** : 'n perderuiter.

**ridderlik** : galant, netjies, soos 'n ridder, b.v. teenoor dames.
**ruiterlik** : soos 'n ruiter ; reguit : hy kom ruiterlik uit vir die waarheid.

**rof** : op 'n onsagte manier : 'n rowwe spel.
**ru** : (1) onafgerond : rumateriaal, rugaring.
(2) onbeskaaf, boers : ruwe soldate.

**Rooms** : van 'n sekere godsdienstige sekte, die Rooms-Katolieke Kerk.
**Romeins** : van Rome : die Romeinse reg, Ryk.

**sagmoedig** : sonder om leed, hom aangedoen, met kwaad te vergeld ; verdraagsaam.
**sagsinnig** : 'n man wat alles op 'n sagte manier doen, is sagsinnig.

**skade** : gewoonlik finansiële nadeel deur storms, ens., aangerig of berokken.
**verlies** : (1) teenoorg. van **wins** : gewone geldelike verlies in besigheid.
(2) teenoorg. van **aanwins,** dikwels van persone gesê : Sy weggaan is vir ons skool 'n onherstelbare verlies.

**slim** : algemene term : nie dom nie ; ook : spitsvondig : dis 'n slim plannetjie.
**vernuftig** : skrander ; kan iets gou en goed begryp : 'n besonder vernuftige seun.
**verstandig** : goeie gebruik makende van die verstand wat jy besit : 'n verstandige handelwyse ; jy is te verstandig om so iets te doen.

**spoed** : ons dink hier aan die naderkom by ons doel : hoe meer haas, hoe minder spoed.
**snelheid** : ons dink hier aan die beweging self : teen 'n snelheid (nie spoed nie) van 60 m.p.u.

**spraaksaam** : geneig om 'n gesprek aan te knoop : Hy is vanoggend net spraaksaam, nie so nors soos gister nie.
**welsprekend** : wel ter tale ; kan met sy woord boei en 'n indruk maak : 'n welsprekende redenaar.
**welbespraak** : rats met sy tong, soos 'n handelsreisiger.
**praatsiek** : wil net altyd onder alle omstandighede gesels, tydig en ontydig.

**spreekwoord** : 'n raak, wyse gesegde wat algemene volkseiendom geword het, en wat oorgaan van geslag tot geslag.
**spreuk** : 'n wyse, pittige gesegde (soos dié van Salomo) op eie ondervinding gebaseer. Baie van sy spreuke het spreekwoorde geword.
**spreekwyse** : manier van praat.
**gesegde** : wat gesê is en getref het.

**teenspreek** : waarheid van iets ontken : 'n gerug teenspreek (persone).
**weerspreek** : een ding is 'n ontkenning van (weerspreek) 'n ander ding.
**weerlê** : teenspreek en bewyse gee : 'n gerug met feite weerlê.

**tragies** : begaafd en met goeie ideale besiel, maar deur omstandighede ten onder gebring : Die tragiese geskiedenis van die Vreemde Oom in „'n Esau."
**treurig** : wat ons meegevoel wek of hartseer maak : ek voel treurig oor my perd se dood ; 'n treurige ongeluk.

**uiterlik** : teenoorg. van innerlik, sien bo.
**uitwendig** : teenoorg. van inwendig, sien bo.

**uitgebrei** (figuurlik) : het op handelinge van persone betrekking : 'n uitgebreide handel, ondersoek.
**uitgestrek** (letterlik) : wat 'n groot oppervlakte beslaan : 'n uitgestrekte gebied, woud, stad.

**vereniging** : 'n liggaam, klomp persone wat 'n selfde doel nastreef : taalvereniging, Strewersvereniging, ens.
**vergadering** : die bymekaarkom van 'n klomp mense vir 'n sekere doel : 'n politieke vergadering.
**versameling** : klomp bymekaargebringde dinge : 'n pragtige versameling boeke.

**verbond** : ooreenkoms tussen twee of meer persone of nasies : God en Abraham het 'n verbond gesluit ; tolverbond ; Drievoudige Verbond.
**verdrag** : soos verbond : handelsverdrag. Die ooreenkoms tussen nasies **na** 'n oorlog : die verdrag van Versailles (**voor** 'n oorlog bestaan daar dikwels verbonde).

**wederkerig** / **wedersyds** } beteken albei : onderling, van beide sye komende : wederkerige (wedersydse) liefde, tegemoetkoming. Maar :
'n wederkerende ww. (bl. 128).
wederkerende vnw. (bl. 152).
wederkerige vnw. (bl. 152).

## Oefening 23a.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis duidelik blyk :—

aalmoes, gawe, geskenk ; aanspreeklik, verantwoordelik ; afgesonderd, afsonderlik ; bediende, dienaar, dienskneg ; belangrik, belangwekkend ; belangstellend, belanghebbend ; bepaal, beperk ; doelmatig, doeltreffend ; eentonig, vervelend.

## Oefening 23b.

Wat is die onderskeid tussen :—

aanbod, bod en offer ; aanhangsel, byvoegsel en bylae ; arm, armoedig, behoeftig en noodlydend ; awontuur en gebeurtenis ; beloning, loon, betaling en besoldiging ; bysiende en kortsigtig ; eiendom en vermoë ?

## Oefening 23c.

Voltooi met 'n snw. wat pas :—

'n hulpelose — ; 'n onbeholpe — ; 'n innerlike — ; 'n inwendige — ; 'n innige — ; klassieke — ; klassikale — ; doeltreffende — ; noodsaaklike — ; wederkerige — ; wederkerende — ; die uitverkore — ; op jeugdige — ; met jeugdige — ; 'n hoogmoedige — ; 'n hooghartige — ; hulle het hardnekkig — gebied ; 'n baie kortsigtige — ; in afsonderlike — ; 'n baie afgesonderde —.

## Oefening 23d.

Wanneer gebruik ons :—

ambag, amp, beroep, bedryf, roeping ; babbel, praat, gesels, spreek ; bui, luim, nuk, gril ; dom, onkundig, onnosel, onwetend ; doodgaan, sterf, vrek, sneuwel, omkom, ontslaap, oorly, verhuis ?

## Oefening 23e.

Sê watter verbeterings jy in o.s. sinne kan aanbring en waarom :—

1. Die afslaer sê : „Gee my 'n offer."
2. Die seun is gebrekkig : hy kan nie loop nie.
3. Daar is iets met sy oë verkeerd ; hy is kortsigtig, sê die dokter.
4. Baie soldate het op die slagveld gesterf.
5. Min mense vrek van daardie siekte.
6. Die Suid-Afrikaanse Wolgroeiersvereniging.
7. Ek luister graag na klassikale musiek.
8. Dis 'n tragiese ongeluk.
9. Hy ry teen 'n spoed van 60 myl per uur.
10. Columbus het Amerika uitgevind.

## Oefening 23f.

Gee die teenoorgestelde van :—

'n **arm** man ; hy is **armoedig** gekleed ; 'n **belangrike** saak ; 'n **belangstellende** toeskouer ; die **oorsake** van die Trek ; **uiterlik** bewoë ; 'n **uitwendige** wond ; 'n **omslagtige** beskrywing ; 'n **suinige** huisvrou ; **ouderwetse** meubels ; 'n **ouderwetse** kind ; **ruwe** soldate ; **ru-materiaal** ; die wet **oortree** ; **ridderlike** gedrag ; **geselsende** mense.

## Oefening 23g.

Gebruik in flink sinne sodat die onderskeid duidelik uitkom :—

eerbiedig, eerbiedwaardig, eerbiedwekkend, eerwaardig ; fonkel, vonkel, skitter, glinster ; geleerdheid, kennis, kundigheid, opvoeding ; goue, gulde, vergulde ; hindernis, hinderpaal ; Indies, Indiaans ; leergierig, nuuskierig, weetgierig ; nodig, noodsaaklik, noodwendig.

## Oefening 23h.

Watter verskil is daar in die gebruik van die volgende woorde :—

gesig, aangesig, gelaat ; gierig, suinig, vrekkig, spaarsaam ; groei, kweek, teel ; hardnekkig, hardvogtig ; hoogmoedig, trots, fier, hooghartig ; in (ww.), invorder, insamel, inwin ; kranksinnig, waansinnig, swaksinnig, stompsinnig ; omslagtig, omstandig ; onbekende, vreemdeling ; Rooms, Romeins ?

## Oefening 23i.

Toon duidelik aan wanneer ons die volgende woorde sou gebruik :—

oorbodig, oortollig, oortallig, oordadig, oorvloedig ; oorskry, oortree, oortref ; oponthoud, versuim ; ouderwets, outyds, oumodies ; rof, ru ; slim, vernuftig, verstandig ; spraaksaam, welsprekend, welbespraak, praatsiek ; spreekwoord, spreekwyse, spreuk, gesegde ; teenspreek, weerspreek, weerlê ; tragies, treurig ; vereniging, versameling, vergadering ; verbond, verdrag.